BREDASDORP

Bredasdorp is op die punt van Afrika. Dis die suidelikste munisipaliteit op die vasteland van Afrika en Hoërskool Bredasdorp is die suidelikste hoër skool. (Daar is 'n klein privaatskooltjie op Struisbaai, wat effe verder suid gelee is.) Kaap Agulhas, die suidelikste punt van Afrika, is op stuk van sowat 25km daarvandaan. Die dorp is in 1838 gestig en na 'n vooraanstaande boer in die omgewing, Michiel van Breda, genoem. Hy was die eerste burgemeester van Kaapstad. Die dorp is in die hart van die skaapbedryf – daar is inderdaad 'n standbeeld van 'n merinoram. 'n Vrag merino's was onderweg van Spanje na Australië toe het skip naby Bredasdorp op die rotse loop. Van Breda het die oorlewendes aangeneem en op sy plaas Zoetendals Vallei weiding gegee. Daarmee het hy vader van die Suid-Afrikaanse wolbedryf geword. Die naam Zoetendals is aanleen aan nog 'n skeepswrak by Agulhas. Baie skepe het in hierdie omgewing gesink, onder meer die Birkenhead by Gansbaai. Daar is ook 'n skeepswrakmuseum op Bredasdorp.

Dis 'n oop, vreedsame omgewing, waar blou kraanvoëls, ooievaars en sekretarisvoëls op die grasvlakte pronk, met groot proteas wat bloei op heuwels wat soos deinings oploop na die Preekstoel.



Hoërskool Bredasdorp

STIGTINGSDATUM: 1957
LEUSE: ARBEID ADEL
ADRES: BONDSTRAAT, BREDASDORP, 7280

Skoolgeskiedenis

Die skool is in 1957 gestig en het sowat 490 leerlinge. Daar is 'n lewendige belangstelling in skyfskiet en onderwaterhokkie. Carien Gagiano, Jaco van der Walt en Daniele van der Westhuizen het Suid-Afrika in Australië in onderwaterhokkie verteenwoordig.

"Ek dink regtig daar is heelwat positiewe ontwikkelinge by Bredasdorp. Arthur Jansen is 'n uitstekende breier, en die skool het nou vier spanne, vergeleke met net twee toe ek daar was. Dit bied meer diepte en die skool kan teen die groter skole meeding. 'n Sprekende bewys daarvan is toe Bredasdorp Die Burger-kompetisie vir Klein Skole in 2007 gewen het.

'n Groot derby vir ons was teen Albert Myburgh, ook op Bredasdorp. Die wedstryd is op die dorp se veld gespeel, want dit het 'n groot skare gelok. Dit het inderdaad gelyk asof die hele dorp daar was. Maar die gemoedere onder die skare het 'n bietjie hoog geloop. In my jaar moes die skeidsregter die wedstryd staak omdat party van die ondersteuners op die veld gehardloop en die spel ontwrig het."

— Corne Uys
(1997–99, WP debuut 2004 vs SWD)

Rugby by Bredasdorp

Die huidige afrigter van die 1ste-vyftiental, Arthur Janson, is ook hulp-breier van die Bolandse Cravenweekspan en breier van die Kavalier-Sewes-span. Rugby by die skool het onder hom gedy. Die 1ste-span het die Suidelike Streekstoernooi vir klein skole gewen deur Lückhoff in die Strand, Calvinia in Moorreesburg, Piketberg in Worcester, Langenhoven in Riversdal en Zwaanswyk in Wellington te klop. Daardeur het hulle die Suidelike Streek se verteenwoordigers in die Media 24-kompetisie geword. Hulle het daarna op Bredasdorp teen HTS Nic Diederichs in die semi-finaal te staan gekom. Dit was 'n taai en meedoënlose wedstryd, wat deur die tuisspan met 12-11 gewen is. Kim Valentine het vir Bredasdorp vier strafskoppe oorgeskop. Daarna is hulle Johannesburg toe om op die Johannesburg-stadion teen Vryburg te speel. Die hele Bredasdorp was op hol oor die wedstryd. Bredasdorp het op 'n senuagtige noot begin en was ná ses minute met 19-0 agter. Met halftyd was die telling 36-10, voordat Bredasdorp teruggeveg het om die telling 36-32 te maak. Vryburg het uiteindelik met 46-32 gewen. Bredasdop was dapper. Die skool se rugby het van krag tot krag gegaan, en speel gereelde derbies teen skole soos Hoërskool Overberg, Hermanus en Montagu. Die groot interskole is teen De Villiers Graaff op Villiersdorp. Die prominentste oudleerling is tans Corné Uys, die groot Matie- en WP-senter.

BREIER FOKUS

Arthur Jansen (breier sedert 2001)

"Hoërskool Bredasdorp sukkel om 'n paar redes teen party van die ander groot rugbyskole. Baie spelers word na ander skole gelok – dermate dat ons net vier spanne beskikbaar het. Ons geriewe steek af teen hierdie skole s'n. Desondanks is die spelers wat wel speel, baie toegewyd. Voorseisoense afrigting begin in Februarie. Weens ons ligging moet ons baie reis. Corné Uys is tot dusver ons beste produk, maar hou gerus vir Tromp Kleynhans dop. "